

OORLOGSOORMAG

en ander Sketse en Verhale

Deur
GUSTAV S. PRELLER.

(c) 1923

Inhoudsopgawe

	Bls.
Lettie	3
Moedersmart	11
Johanna	32
Oom Hans	56
Oorlogsoormag	66
Oembaswane	94
Die "Kruger-miljoene"	112
Boere op see	126
Dalmanutha	136
Baanbrekers	152
'n Vergane Voortrekkerdorp	196
Van Dinge wat Verbygaan	216

Lettie

Die geval van Lettie en die Engelse offisier is 'n hele ruk gelede gebeur, die fynigheid is die geheue al 'n bietjie ontskote; maar juis dáarom dag ek dat dit liever nou moes opgeteken word, anders gaan alles nog dalk verlore. Die hele oorlog dof al so langamerhand weg uit ons herinnering, soos 'n ongefikseerde portret in die sonlig; die àltyd-grote daaruit, wat àlmal moet onthou, vergeet ons terwille van die geskiedvorser; die kleine, wat in kleine kring eina-seer gemaak 't, vryf ons uit om 'n kleurlose politiek te behaag Colenso, Magersfontein, Spioenkop — dit word name, met klompies Engelse en klompies Boere wat skiet en skiet; die gons van die koeëls en die kreun van dié wat seergekry het, die honger en dors en die benoudheid alles raak weg uit die memorie-leitjie soos die meester se huiswerk toe ons kinders was. Merebank, Irene, St.-Helena ons smeer dit self uit. Maar Lettie

Sy was 'n mooi ding, Lettie, fris en fyn en heel, soos die bedoude vygies op die tuinmuur in die more, 'n jaar of wat onbedorwe van ons ou meisieskool terug, met net genoeg van die wêreld se wysheid om naasteby te weet hoe 'n bietjie sy wis, en bly te voel dat sy 'n eie nasie had om aan te behoer.

En sy was die enigste op die been dié dag in Rietpol se ou woonhuis, onder langs Slangampies, toe die kakie-offisier daar aangery kom, vergesel van nog 'n paar ander en 'n nasionale-skout-gids. Ma was siek in bed, pa en ouboet op kommande, en die kleintjies met die volk op die lande.

Moedersmart

Laat my vertel van só 'n »onbeduidende Kafferonlus," soos dié waarvan, volgens die nuwe meesters, die „niksbeduidende" Afrikaanse geskiedenis aanmekaareset is; van één uit duisend van die „onluste," en die naamlose menseleed daarvan.

Laat 't wees van die laaste wit-vuurbeproeving van 'n vrou, 'n Afrikaner-vrou, in een van dié „niksbeduidende" dinge. En laat 't vry wees en skoon bly van al wat laag is en vernederend in die doen van mense, teenoor hul ewemens — iets wat bokant die heerssug staat van 'n wêreld-veroweraar, bokant die dryfvere tot die moorde-inbruto wat met die naam van oorlog verwerdig word, terwille van 'n klompie goud, tot kroon gefatsoeneer, terwille van 'n oliebron, 'n steenkoolveld, 'n stuk land of 'n handelsreg; laat 't iets wees wat vreemd is aan die verhewe radere waarop elders die lot van mense voortrol: die diste en lae van 'n bysit, die kunsgrepe van 'n kardinaal, die snippejag van 'n gesant, die gedegeneerde eksentrikus, wat hul keiser noem of president of koning.

En laat daar ook g'n bedrieglike waas van vèrte oor lê nie. Van ons, Afrikaners, is alles nog maar van gister en vandag; want dis nog maar die eerste feite in die lange reeks wat ons naderhand, ééndag, eens sal optel en inryg in 'n ganse opklimming, van die besondere tot die éwig-algemene waarheid van 'n groter en 'n ruimer volksbestaan.

Maar — laat 't alleen ons s'n wees — óns s'n alleen!

JOHANNA.

'n Klein kommandetjie van so'n twintigtal perderuiters tou op 'n stadige pasgangetjie teen die lang bult uit, van Kliprivier af in die algemene rigting van Meyerton. Ver agter hulle in die laagte op, wys 'n bogtige groen streep bome, woonhuise en werwe die algemene loop van die rivier aan, wat hier en daar in die frisse najaarsmore so'n mistigheid afgee in die eerste sagte byt van die winter.

Voorop ry kaptein Danie Theron, en naas hom, op so'n groot blinkerige Engelse merrieperd, 'n ligte, enigszins bejaarde mannetjie, wat lig en regop in die saal sit, net of hy deel uitmaak van die perd, en 'n paar vinnige donker oë oral in die rondte laat wei.

Dan kom Manie Maritz en Jack Hindon, met die wakkere graaf De la Coussaye langs mekaar, en agter hulle weer Slegtkamp, Malan en die ander verkenners, sommige met handperde, en 'n enkele met sware pakke belaa.

Die Verkenners is van die vorige aand sonder al in die saal, en daar is weinig geneigdheid om te gesels. Af en toe struikel 'n perd oor 'n erdvarkgat of 'n miershoop in die lang gras, en ruk die ruiters met 'n knoop en 'n paar harde woorde in die werklike lewe terug ; of iemand verbreek die stilte waarmee hul die laaste halfuur al vortskuif, met 'n opmerking teen die manne voor of agter, 'n vraag of 'n lag, wat sien op hul bedrywigheid van die vorige nag, of die teenwoordige gevolge daarvan.

„Jaap, jou ou skelm,” roep Maritz vrolik teen die man wat net voor kom langs Theron ry, „en hoe lang sit jy noual in Klipri-

OOM HANS.

'N SKETSIE NAAR DIE LEWE.

Die eerste keer dat ek oom Hans gesien 't, was in 'n groue more-mis en so'n dof-lik van nattigheid en koue, bo-op Talana, net vóordat die slag sou beginne.

Baie van dies wat dié more dáar op die koppie was, wis nie eintlik reg hoe so'n slag begint nie, en of daar wel 'n begin aan so 'n ding was. Die Talana-spokery het egter 'n duidelike begin gehad, en oom Hans wis daar alles van ; hy het dié soort van dinge al meermale bygewoon ; maar toe hy praat van in „slag-orde skaar" en die teken tot die aanval, toe dag ek aan die rusies van die Amalekiete, die Hittiete en ander, en ek dag dat my oom nog op die vlakke velde Moabs doel, terwyl ons hier op Talana in Natal staan, waar 'n man jou pypsteel dalk sou breek vóor jy kon se „knipmes!"

Later het ek ook die „slag-orde" gesien, toe die mis opklaar, en die sein tot die aanval gehoor, van oorlede ou generaal Luikes Meyer, komplete net soos met die eerste rondte, in 'n bakleiringnet dáar was die dag g'n „time" in die ding nie. Eén skoot, na die tweede rondte, het oorlede generaal Luikes „time" gevra, om die bloed af te veeg en die stukke op te tel, maar dit was somar meteens ook die trapskoot wat ons laat vat 't, en nie weer opgehou het nie vóordat ons die ander dag om dieselfde tyd oorkant Buffelrivier weer in ons eie gebied was...

Maar ek begin by die end.

OORLOGSOORMAG.

Die gras is lang en swaar --vol in die saad op die Hoëveld, sodat die bulte welgedaan en rond lyk as 't droog is, soos skape voor die skeertyd.

Maar dit reën so'n stadige landsreën op die Hoëveld, vir weke al, en die ruie steekgras buk oral in bosse neer, dat die halmskynsel géler daaruit sien as anders, wanneer daar in die leegtes sulke diep pers en saffraanstrepe geskilder lê, deur die fyn kleurige stuifmeel op die bloeiende saadtrosse.

Op die Hoëveld heers 'n benouende stilte alleen.

Van Vaalkop af lê die wêreld wyd en onafsienbaar naar alle windstreke—een golwende bultesee, wat wegduik van die hoogte af en lyk of 't lang in die oertyd van die wêreld die deining kon gewees 't van dié magtige see, waarop die godsgees gesweef 't toe 't aarde geword 't, netso met rollende golwe en al.

Maar behalwe die rypende gras en die geelblommetjies in die leegtes, op lange, skril-groene stengel, wat lenig buig naar links en regs, is daar g'n lewe op die Hoëveld nie. Die skepping- seën is weg, en daarmee die wilde gedierte, en die vee van die aardbodem naar hul aard. Want die volmaakte skepsel naar die Godsbeeld maak hier oorlog!

Vir die ongewapende oog is die wêreld leeg en stil van 'n grote verlatenheid.

Bo-op Vaalkop lê die verse moet van 'n Engelse kamp, 'n wye ring van klein sooimuurfortjies, en daar-binne die kaalgetrapte, vuilbemorste staanplek, met tent-moete, wa-spore en voerstrepe van die perde.

OEMBASWANE.

As eendag, in 'n vèr-verwyderde verskiet, die Bantoe-rasse 'n stuk van Afrika regeer, sal Bantoe-meesters en Bantoe-leerlinge met gevoelens van trots die storie lees van Oembaswane, die wilde Zoeloe-kaptein, en sy braafheid jeens 'n verlore Boerseun ; want die geskiedenis is arm aan sulke gebeurtenisse.

Dit het voorgekom 'n halfjaar na die groot moord in Natal ; maar die somerreëns had die moete van Veglaer se worstelperk nog nie uitgewis nie, en die mense het nog gepraat van Piet Uys se dood en die heldedaad van Dirk, sy seun. Die posbodes was terug uit Kaapland, met die tyding dat Pretorius aankom maar die Zoeloe-impies het nog altyd oorkant die Toegela rondgewaar, en die kommandante moes dag en nag op hul hoede wees teen oorrompeling.

Vroeg een more werd kommandant Hans de Lange met 'n sterke patrollie uitgestuur, in die rigting van die Oemgenie, nie ver van waar naderhand Pietermaritzburg gebou werd, om na te gaan of die Zoeloes nie dalk agter die laers omtrek nie; want daar was allerhande lose gerugte in omloop van Kaffer-voetspore wat gesien was, dwarsoor die pad naar Port-Natal ; en niemand kon weet wat Dingaan se indoenas van sin was nie.

Met dagbreek was die patrole uit die laer weggery, en hul was die eerste spruitjie onderkant al deur toe Ferdinand van Gas eers op sy perd styg om hul te volg. Hy was 'n seun van nouliks sestien jaar, die aangenome kind van Hercules Malan en sy vrou, tant Lenie. Maar sy pleegvader was saam met Retief vermoor ; en hoewel tant Lenie baie lief was vir hom,

DIE „KRUGER-MILJOENE."

WAARHEID VAN 'N KWAADWILLIGE FABEL.

Dit sal, dink ek, die 28ste Mei gewees 't, van 1900--oor die drie-en-twintig jaar gelede.

Die Engelse was ergens, anderkant Johannesburg, by Kliprivier aan kome ; die 5de Junie het Roberts mos Pretoria ingeneem. Ja—dit met so naasteby die 28ste gewees 't; of miskien was 't ook 'n paar dae eerder, want die 31ste Mei is ek ook uit Pretoria uit, en tussen die datum waar ons naar soek, en my vertrek het daar nog enige dae verloop van halsoorkop gedoe om weg te kom en die nablywende op 'n manier te versorg dat hul nie van die Mangies afhanklik hoef te wees nie, so min molik van hulle te vrae sou hê. Nie dat 't iets gebaat 't nie, want hul is tog 'n rukkie later konsentrasiekamp-toe gestuur, en die ou huis verander in 'n poliesie-kaserne.

Sê dus maar die 28ste Mei 1900 ; so danig presies kom dit daar ook nie meer op aan nie.

Die goewermentskantore was leeg, en die stad het so stadigaan stil geword, asof 't asem inhou vir die dinge wat daar aanstaande was, en bereids aangekondig werd met die dowwe kanonskote in die vèrte.

Laat die agtermiddag, terwyl ek rondspook om 'n wa te kry waarmee ons allerlei kommande-goed sou uitneem, buitekant-toe, laat hul my weet dat daar dieselfde nag ànder goed moes uitgeneem word en dat ek moes sorg vir 'n ry-ding--van dieplein af stasie-toe, al kos 't ook 'n os!

BOERE OP SEE.

'N HERINNERING VAN 1902.

Met ver oor die duisend krygsgevangenes aan boord trek die Tagus die binnehawe van Port-Natal uit, voorgeloods deur 'n trekstoomboot, tussen geankerde transportskepe en rondswalkende skuite in die voorhawe deur, drywende skeepsboeie en die breekwaterpunte verby, digby norske oorlogsbodems langs, wat nog verder buite voor anker lê, naar die ope see anderkant, wat netnou wyd vooruit vlak, tot waar dit blou wegstreep in metelose verte.

Diékant-toe is net lug en water, en die onbekende bestemming.

Agter kleursketter kus en stad en skepery, in transparant-warme voorsomerlug.

Bokant die reëlmatige pulsasie van die skeepsmasjienerie hees 'n vreemde getoeter van stoombootfluitjies oor die seewater, snaaks en onbekend soos die stemme van voorwêreldse reusereptiele op 'n oersee.

Groen bosse donker laag in die seewater af, met nuansering van liggroen piesang-plantasies agtertoe en eweredig uitgelegde beddingkoppies, soos die vakkies van 'n meisie haar blomtuin, waarin dromerige somervillas van rustige ryk-mense verskole lê.

Nog verder agtertoe : ronde bosbulte, eers lowergroen, dan ligter en ligter, totdat dit naderhand subtiel wegnewel in bloue verskiet.

DALMANUTHA.

Dis net 'n insident hierdie, uit 'n veldslag wat 'n weeklang onafgebroke gewoed 't, oor 'n front van wel 'n vyf uur te perdlang, wat geloop 't van die nabyheid van Carolina ergens, tot digby Bothasberg, met 'n kromlyn by Machadodorp langs.

Dalmanutha—Bergendal, dit was die laaste groot stellingeveg van die Republikeinse strydmagte onder generaal Botha. Daarvandaan noem hul dit 'n geurilla-stryd, hoewel daarna nog menige hardnekkige veldslag ook gelewer werd.

Die geskiedenis sal eendag verhaal hoe lord Roberts met ongeveer dertigduisend man, na langdurige voorbereiding, volgens die mees ortodokse reëls van die kuns, wat die Boereopperbevelhebber se paar duisend man daelang, nag en dag, in rep en roer gehou 't langs die hele lienie, skielik op die oggend van die 21ste Augustus 1900 vir generaal Buller gelos 't op die uiterste linkerflank van die lang Boere-stelling. Redvers Buller had ternouernood sy naam gered met die uiteindelijke ontset van Ladysmith, sodat hy nie, soos so baie ander, op non-aktiwiteit geraak 't nie ; maar hy had veel goed te make, en hy het 't nie laat ontbreek aan mag en geweld nie. Oor die Vrystaat se kaal vlaktes het hul die Boere uitgeflankeer en telkens en telkens laat saag uit die beste stellings, sonder in die geleentheid te wees om 'n skoot te skiet. Hier was daardie taktiek nie so maklik uitvoerbaar nie; hoewel, as Buller bête bekend was met die terrein agter die Boereposiesie, hy waarskynlik met sukses van die linkervleuel af dieselfde taktiek in toepassing kon gebring 't

'n Vergane Voortrekkerdorp

Vlak onder die Soutpansberg-reeks, effens wes van Louistrichardt, op 'n gelyke vlaktetjie, wat ruig begroei is met wag-'n-bietjie en hier en daar 'n plaat hoë soetdorings, kan die besoeker 'n menigte ou murasies sien, met hope verbrokkelde rooi bakstene, waaruit hier en daar 'n verweerde seringboom nog in die hoogte groei. Hier is 'n hoop groter en hoër as ginds ; en dâar, van die berg se kant af, sukkel 'n kroeserige granaatlaninkie nog om voort te leef, nieteenstaande die verwoesting van beeste, vuur en wilddie. Onderkant-toe, naar die dusgenoemde Dorpsrivier, sien mens groter mak seringbome hul kruine omhoog steek tussen die mimosas. In die middel van die baksteen-ruïenes—want dat 't bouvalle is hierdie, kan iedereen dadelik bemerk is die moete te sien van 'n grote vierkant, waarvan die baksteen- en aardewalle nog duidelik na te gane is, en op die hoeke daarvan is uitboutjies, wat wonderlik-baie naar die s.g. skiethokke lyk, op die hoeke van die ou Voortrekker-laers. As mens oplet, dan lê die hele veld hier tussen die baksteen-bouvalle vol kleine bord- en kommetjie skerwe, waaronder verskeie stukkies aangetref word van die beroemde bloue wilkerpatroon- skottelgoed, terwyl hier en daar ook 'n stuk leigriffeltjie ontdek sal worde, 'n kopere of ysere spyker, 'n skroef en meer dergelike.

Mens staan hier op geyde aarde

Dit is die bouvalle van ou Schoemansdal, die derde dorp wat die Voortrekkers in Transvaal aangelé 't—Potchefstroom (1839), Ohrigstad (1843), Schoemansdal (1849).

VAN DINGE WAT VERBYGAAN.

Daar is iets in-bedroewends in die dinge wat verbygaan, altoos verby die hele lewe deur, al is 't ook dinge wat volgens ons opvatting plaasmaak vir die betere. Want die betere is so vaak die vyand van die goeie ; dit is altoos so betreklik. Welke is b.v. die betere van dié twee die sirkus of die rolprent ? Ek sou dit nie wou uitmaak nie, hoewel ek, eerlik gesê, met 'n sekere voorliefde terugdink aan die verbygegene sirkus !

„Frank Fillis, die welbekende sirkusbaas, is in Indië oorlede.”

Ek dink nie aan Fillis as 'n „ding” nie, maar as 'n instelling, 'n Suid-Afrikaanse instelling wat verbygegaan 't. En hoe word die gedagtes nie vermenigvuldig by hierdie korte ou kabelberiggie uit Londen, wat ek die anderdag in een van die dagblaaië lees !

Dit was aand op die stoep, 'n stille, swoele someraand, benouend van die dag se hitte en die drukkendheid van naderende onweersdreiging in die lug. Daar was baie ander nuus in die koerant, nuus uit die buiteland en van binne, van mense en dinge, van die Ierse afrekening en die Amerikaanse ontwapeningskonferensie in Washington ; van Franse angs en Duitse armoe, van dinge wat die wêreld in beweging bring en die lot beslis van nasies en volke. En daar was nuus uit ons eie Suid-Afrika van industriële rusies wat dreig om alles onderstebo te keer, van droogte wat die groen gras uitdor dat 't gevaarlik word om 'n vuurhoutjie agteloos weg te gooi, en van oorstromings wat die spoorwegverkeer uit verband geruk en menseleuens gekos 't. En vol ook was die koerant van die politiek, wat vir die meeste van ons 'n lewensbestand